



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

## NOVEMBER 2022

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30 punte) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10 punte) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (40 punte) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.


5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Laat 'n reël na elke antwoord oop.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:
   AFDELING A: 45 minute
   AFDELING B: 20 minute
   AFDELING C: 55 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.



## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: ARTIKEL EN GRAFIESE TEKS

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae.

## TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

### DIE GOED EN SLEG VAN SOSIALE MEDIA

1 Kyk net om jou! Die meeste mense sit deesdae met hulle selfone in die hand, want hulle soek na "kontak" met ander mense of enige interessante nuus.

2 Sosiale media kan goed of sleg vir jou wees. Wanneer jy baie op sosiale media is, begin jy om jouself en jou eie lewe met ander te vergelyk. Jy sien hoe mooi ander mense lyk of watter opwindende *(exciting)* dinge hulle doen. Dit kan jou jaloers, moedeloos *(despondent)* en selfs depressief maak omdat jou lewe nie so is nie.

3 Sielkundiges sê sosiale media laat ons "saam" met ander "voel". Ons lag, huil en word "saam" kwaad of bang. Dit laat mense goed voel. Hoe meer jy dan op sosiale media is, hoe meer het jy dit nodig. Daarom is dit baie maklik om verslaaf te raak daaraan *(to become addicted).*

4 Daar is 'n wye keuse van sosiale media. Elkeen trek mense op 'n ander manier aan. Instagram is eintlik 'n foto-toep. Dit wys duisende foto's van mense. Omdat jongmense graag so mooi soos *celebs* wil lyk, laat die fantastiese foto's van ander mense hulle minder goed voel oor hulle eie liggame en voorkoms. Dit lei dikwels tot boeliegedrag of *FOMO*. *FOMO* is die vrees om sosiale aktiwiteite van vriende mis te loop. Dit lei direk daartoe dat jongmense die hele tyd op hulle fone wil wees.



5 Facebook het amper dieselfde impak op jongmense as Instagram. Facebook het egter ook 'n beter kant. Dit gee vir gebruikers 'n tipe emosionele ondersteuning en laat hulle deel voel van die groter samelewing *(society).*

6 YouTube is 'n bietjie anders. Daar kan ons leer hoe om sekere dinge te maak of te doen. Dit maak ons bewus van wat rondom ons gebeur. Dit is die enigste platform wat depressie en eensaamheid verminder, maar ook die rede waarom veral jongmense te min slaap.

7 Twitter word die meeste deur mense tussen 25 en 49 jaar gebruik. TikTok is die platform wat al meer deur jongmense gebruik word.

8 Die grootste nadeel van sosiale media is dat ons nie meer persoonlik met ander mense kommunikeer nie. Dit gebeur dat mense in dieselfde huis boodskappe vir mekaar stuur, eerder as om direk met mekaar te praat. Mense is so besig met alles wat op sosiale media aangaan, dat hulle nie meer ander dinge saam met mekaar wíl doen nie, bv. om saam te oefen.

9 'n Goeie manier om weer balans in jou lewe te bring, is om sélf te besluit dat jy minder op sosiale media gaan wees. Dit sal baie dissipline van jou vra, maar mag dalk die beste ding wees om te doen. Stel vir jouself 'n skedule op. Besluit hóéveel tyd per dag jy op sosiale media gaan wees, wátter tyd van die dag jy daarmee besig gaan wees en wáárna jy gaan kyk. Besluit ook oor die tye dat jy glad nie jou foon gaan gebruik nie.

10 Sit jou foon af! Gaan doen iets anders sónder jou foon! Kyk die mense vir wie jy lief is in die oë en deel jou lewe met húlle!

[Verwerk uit *Kuier,* 14 April 2022]

1.1 VOLTOOI die sin hieronder deur woorde uit paragraaf 1 in te vul.

As 'n mens om jou kyk, sien jy hoe baie mense hulle (1.1.1) ... gebruik om (1.1.2) ... te maak met ander mense of om die nuutste (1.1.3) ... te kry. (3)

1.2 Skryf EEN woord uit paragraaf 1 neer wat vir ons sê dat hierdie teks oor dinge gaan wat **vandag** gebeur. (1)

1.3 Hoe kan dit jou laat voel wanneer jy jouself met ander vergelyk en sien dat jou lewe nie so goed en lekker is nie? Noem DRIE emosies. (3)

1.4 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Dit laat mense **goed voel** om "saam" met ander te "voel", want dan voel hulle nie (moeg/alleen) nie. (1)

1.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die antwoord (A–D) langs die vraagnommer (1.5) neer.

Om verslaaf te raak aan sosiale media beteken dat jy ...

A soms sosiale media gebruik.
B glad nie sosiale media gebruik nie.
C siek voel nadat jy op sosiale media was.
D nie sonder sosiale media kan klaarkom nie. (1)

1.6 Hoekom is *celebs* in paragraaf 4 skuinsgedruk? (1)

1.7 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

" ... laat die fantastiese foto's van ander mense hulle **minder goed voel** oor hulle eie liggame en voorkoms." (Reël 14 en 15)

Die woorde "minder goed voel" sê vir ons dat Instagram 'n (positiewe/negatiewe) impak op jongmense het. (1)

1.8 Lees paragraaf 6.

Noem EEN nadeel van YouTube. (1)

1.9 Sosiale media het 'n invloed op mense se lewens.

Kies elke keer die inligting in KOLOM B wat by die woord in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.9.1 tot 1.9.4) neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 1.9.1 Instagram | A Dit het opvoedkundige waarde. |
| 1.9.2 Facebook | B Dit maak mense bang om nie deel van 'n groep te wees nie. |
| 1.9.3 YouTube | C Dit hou veral jonger mense besig. |
| 1.9.4 TikTok | D Jongmense wil niks mis nie. |
| | E Dit laat mense voel dat hulle aan 'n groter groep behoort. |

(4 x 1) (4)

1.10 Twitter word hoofsaaklik deur tieners gebruik.

Gee 'n feit uit die leesstuk om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

1.11 1.11.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

" ... maar mag dalk die beste ding wees om te doen."
(Reël 37 en 38)

Hierdie is 'n (feit/mening). (1)

1.11.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.11.1. (1)

1.12 Jy moet sélf besluit om weer balans in jou lewe te bring.


Noem DRIE dinge waaroor jy moet besluit om hierdie balans te bring. (3)

1.13 Hoe pas die prent van die meisie by die inhoud van die teks? (1)

1.14 Lees paragraaf 8 saam met paragraaf 10. Watter boodskap gee dit vir jou? (1)

**TEKS B: VISUELE TEKS**

Bestudeer die weerkaart hieronder en beantwoord die vrae.




[Eie teks]

1.15 Vir watter datum word die weer volgens hierdie kaart voorspel? (1)

1.16 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Upington lê (noord/oos) van George. (1)

1.17 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Volgens die kaart gaan daar (donderstorms/sonskyn) in Durban wees. (1)

1.18 Hoekom sal dit nie 'n goeie idee wees om by Kaapstad in die see te gaan swem nie? (1)

1.19 Hoe kan die weerkaart jou help om jou dag te beplan? (1)

1.20 Hoekom is dit makliker om inligting op 'n kaart te lees as in 'n geskrewe teks? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2: HOE JY BOELIES MOET HANTEER



Jou jonger boetie word by die skool geboelie. Jy wil hom help.

- Som in SEWE VOLSINNE op **hoe jy boelies moet hanteer.**
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou EIE WOORDE neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag NIE langer as 60 woorde wees NIE.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

Daar is oral boelies. Moenie 'n slagoffer (*victim*) word nie. As iemand jou probeer boelie, loop liewer weg.

Party boelies soek net aandag. Wanneer hulle lelike goed vir jou sê of jou probeer seermaak, moet jy hulle ignoreer. As jy vir hulle aandag gee, moedig jy hulle eintlik net aan.

As jy agterkom dat iemand jou probeer boelie, kan jy 'n grap daarvan maak of daaroor lag. Dit gaan vir die boelie sê dat dit jou nie regtig pla nie.

Dit is altyd goed om met 'n boelie te praat. Dit kan op verskillende maniere gedoen word. Jy kan self met die boelie praat of vir iemand anders vra om dit te doen.

Kinders word dikwels geboelie omdat hulle alleen is en nie vriende het nie. As jy nie vriende het nie, moet jy probeer om vriende te maak. Hulle kan jou help as boelies jou pla.

Sport en ander aktiwiteite help jou om beter oor jouself te voel. Dit sal vir jou die moed gee om teen boelies op te staan.

As die boelie aanhou om jou ongelukkig te maak, moet jy iets anders probeer. Jy moet met iemand gaan praat wat jou kan help.

[Verwerk uit Wikihow.com]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees en bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**




[Verwerk uit *Huisgenoot*, 29 Julie 2021]

3.1 Hoekom gebruik die adverteerder verskillende lettertipes in die advertensie? (1)

3.2 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

**"HIER'S HULP VIR DIE MATRIEKEKSAMEN!"**

Daar is 'n UITROEPTEKEN aan die einde van hierdie sin om die leser (deurmekaar/nuuskierig) te maak. (1)

3.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.3) en die letter (A–D) neer.

Die woorde "vir matrieks wat **in koue sweet uitslaan**" sê vir ons dat matrieks ...

A siek geword het.
B hard oefen.
C warm kry.
D bang is. (1)

3.4 Gee die KORREKTE Afrikaans vir die onderstreepte woord in die sin hieronder.

Jou <u>merke</u> gaan beslis met 10% verbeter. (1)

3.5 Hoekom kan ons sê dat die een emoji gelukkig is, terwyl die ander emoji ongelukkig is? (2)

3.6 Hoekom sal matrieks nie hulp vir ál hulle vakke kan kry nie? (1)

3.7 Hoekom gebruik die adverteerder die VOORNAAMWOORDE "jy" en "jou" in hierdie advertensie? (1)

3.8 Hoe pas die foto van die meisie by hierdie advertensie? (1)


3.9 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

As jy Huisgenoot se 100 matriekvrae gedoen het, sal jy jou werk goed (ken/weet). (1)
**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS E**




[Verwerk uit *Zitts*]

4.1 Hoekom is daar musieknote (♫) in RAAMPIE 1? (1)

4.2 Waarom is "**Wat?!**" in RAAMPIE 1 vetgedruk? (1)

4.3 Kies die korrekte UITROEP tussen hakies.

(Sjoe/Sjuut)! Dankie, Jeremy! (1)

4.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die antwoord (A–D) langs die vraagnommer (4.4) neer.

"Dis so s*weet.*" (RAAMPIE 2).

Hiermee bedoel Jeremy se ma dat ...

A Jeremy baie lief is vir sy pa.
B sy ook vir Jeremy dankie sê.
C Jeremy vir Pa sjokolade gegee het.
D Jeremy 'n goeie ding vir sy pa gedoen het. (1)

4.5 Kyk na RAAMPIE 3.

Hoe weet ons dat Jeremy nie kan hoor wat sy pa sê nie? (1)

4.6 "Wil Pa dit nie aansit nie?" (RAAMPIE 4)

Verander die sin in 'n BEVELSIN.

**Begin só:** Pa, ... (1)

4.7 Hoe kan ons in RAAMPIE 5 sien dat Pa baie bly is? Gee TWEE bewyse. (2)

4.8 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE. (RAAMPIE 5)

Pa sê: "Dit is wonderlik!"

**Begin só:** Pa sê vir Jeremy **dat** ... (1)

4.9 Hoe kan ons in RAAMPIE 6 agterkom dat Pa dankbaar is? (1)
**[10]**

**VRAAG 5: LEESTEKS EN PRENT**

5.1 Lees die teks (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

**TWEE SUSTERS WERK SAAM**



Vir twee susters van (5.1.1) (kaapstad) was die lewe nie so maklik nie. Lisa (19) en Anathi (5.1.2) (18) Booysen is 'n bewys van aanhou en uithou.

(5.1.3) ('n/Die) jaar gelede het hulle besluit om 'n besigheid te begin. Anathi se aansoek om 'n beurs om vir haar studies te betaal, was (5.1.4) (suksesvol). Hulle moes self vir hulle studies betaal en wou werk skep vir (5.1.5) (werkloos) mense in hulle gemeenskap.

Toe die twee susters jonk was, moes hulle altyd die huis se vensters (5.1.6) (skoon) maak. Hulle weet ander mense (5.1.7) (hou daarvan om vensters te was). (5.1.8) (Toe maak hulle 'n plan). (5.1.9) (Hulle lewer 'n skoonmaakdiens).

Aan die begin het hulle van huis tot huis geloop (5.1.10) (hulle diens adverteer). Nou kontak mense die susters wanneer hulle hulle vensters wil laat (5.1.11) (was). Dit is wonderlik hoe hierdie susters se (5.1.12) (diens) uitgebrei het.

Lisa en Anathi se (5.1.13) (boodskap) is: Wees doelgerig! Lewer altyd die (5.1.14) (goed) diens moontlik.

[Verwerk uit *Kuier*, 17 Maart 2022]

5.1.1 Verbeter die SPELLING van die woord tussen hakies.

Vir twee susters van (kaapstad) was die lewe nie maklik nie. (1)

5.1.2 Skryf die GETAL (18) as 'n woord. (1)

5.1.3 Kies die korrekte LIDWOORD tussen hakies.

('n/Die) jaar gelede het hulle besluit om 'n besigheid te begin. (1)

5.1.4 Gee die ANTONIEM van "suksesvol". (1)

5.1.5 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.

Hulle moes self vir hulle studies betaal en wou werk skep vir (werkloos) mense in hulle gemeenskap. (1)

5.1.6 Gee die INTENSIEWE VORM van "skoon". (1)

5.1.7 Skryf die gedeelte tussen hakies in die ONTKENNING.

... (hou daarvan om vensters te was). (1)

5.1.8 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

Toe maak hulle 'n plan. (1)

5.1.9 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

Hulle lewer 'n skoonmaakdiens.

**Begin só:** 'n Skoonmaakdiens ... (1)

5.1.10 Skryf die gedeelte tussen hakies in die INFINITIEF.

... (hulle diens adverteer). (1)

5.1.11 Gebruik die HOMONIEM van "was" in 'n sin sodat die betekenis duidelik is. (1)

5.1.12 Gee die MEERVOUD van "diens". (1)


5.1.13 Verdeel "boodskap" volledig in LETTERGREPE. (1)

5.1.14 Gee die korrekte OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Lewer altyd die (goed) diens moontlik. (1)

5.2 Bestudeer die prent (TEKS G) en beantwoord die vrae.

**TEKS G**




[Verwerk uit VectorStock.com]

5.2.1 Vul die korrekte VOORSETSEL in.

Marie praat ... Erna. (1)

5.2.2 Gee die SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Almal dra hulle (oefen+klere) as hulle gimnasium toe gaan. (1)

5.2.3 Gee die KORREKTE Afrikaans vir die woord tussen hakies.

Rika het 'n (*bottle*) in haar hand. (1)

5.2.4 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Dawie sit op die bankie. Hy is moeg. (want) (1)

5.2.5 Skryf die sin hieronder oor en verbeter die WOORDORDE.

Die vyf vriende (baie hard) (elke dag) (oefen) in die gimnasium. (1)

5.2.6 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Bert is nie moeg nie, omdat hy baie (fiks/ongesond) is. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**